

# Dinsdag 3 Augustus

Skrifgedeelte: Job 3:1-10

Fokusgedeelte: Job 3:3 (1983-  
vertaling)

## **Jou geboorte is nie “toevallig” nie**

Was jy al ooit so moedeloos dat jy gewens het dat jy nooit gebore is nie? Job was. Job se gemoed en geloofsoortuiging het 'n gedaanteverwisseling ondergaan tussen die eerste twee hoofstukke en hoofstuk 3. Dit lyk of Job begin soek het na 'n rede vir sy verskriklike lyding, en hoe meer hy daaraan gedink het, hoe minder kon hy dit verstaan. Skielik hoor ons van diepe neerslagtigheid en moedeloosheid. In hierdie eerste toespraak wens Job dat hy nooit gebore is nie. Hy vervloek nie vir God soos Satan voorgestel het nie (Job 1:11; 2:5), maar hy slaan 'n uiters gevaarlike koers in: hy begin God se optrede bevraagteken. Job vervloek die dag van sy geboorte en wens dat sy ma nooit swanger geword het nie (Job 3:3-10); hy wens dat hy gesterf het by geboorte (Job 3:11-19).

In 'n mate het ons begrip vir Job se moedeloosheid. Hy het verskriklike lyding beleef, en hy kon nie die rede verstaan nie. Ook ons vra vrae oor die betekenis en doel van die lewe in tye van groot beproewing. In sulke tye moet ons egter weer groter perspektief kry. Niks gebeur toevallig nie. God is in beheer van alles. Ook dood en lewe is in die hand van die Here (Deut. 32:39; 1 Sam. 2:6). My geboorte is daarom nie toevallig nie. Ek is nie maar net die somtotaal van 'n biologiese proses nie. Nee, die Here gee lewe (Ps. 139:13-16). Hy het ons in Christus uitverkies nog voor die grondlegging van die wêreld (Ef. 1:4), en Hy gebruik ons lewens binne sy groter raadsplan. My roeping is om sy eer te soek in alles, en te berus in sy wil. Ons kan daarom vertrous wees in tye van groot beproewing, en ander vertrous wat beproef word.

*Sing: Psalm 139-1:8*

*Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)*